# JEUG ALPHA: Sessie 12 – Genees God vandag nog?

## 1. PRAISE AND WORSHIP

Hierdie is 'n redelike lang sessie, want ons het twee mense uit ons eie gemeente wat kortliks kom getuig oor hoe God hulle genees het. Ons het dus nie 'n ysbreker vir die sessie nie.

## 2. INLEIDING:

Vanaand gaan ons bietjie stilstaan by die groot vraag: Genees God vandag nog mense? Ek weet nie wat jy hieroor glo nie, maar kom ons kyk……

## 3. VIDEO CLIP: Vrae tydens die video clip:

(hierdie vrae word tydens die video clip gevra en deur die groepe beantwoord)

**Vraag 1**: What technology would you have love to see invented?
(Watter tegnologie sal jy graag wil hê iemand moet ontwerp?)

**Vraag 2**: What do you think about the idea that God heals people today?
(Wat dink jy van die idee dat God mense vandag nog genees?)

- Watter soort vrae kom by jou op oor die gedagte dat God vandag nog mense genees?

**Vraag 3**: Take a few minutes to talk about any experiences you've had praying for healing.
(Gesels bietjie oor enige ervarings wat julle gehad het van iemand wat vir genesing gebid het).

- Hoe maak ons sin van die tye wanneer God nie iemand genees wanneer ons Hom vra nie?

## 4. GETUIENISSE:

Hierdie was regtig 'n amazing sessie gewees, waar mens weer 'lus' het om te bid vir genesing, jou eie en vir die mense vir wie jy lief is. Soos die manne in die video gesê het, genees God nie ALTYD nie, en ons verstaan nie hoekom nie, maar ons moet aanhou bid, al sien ons nie altyd dadelik resultate nie.

Ons het vanaand twee baie spesiale mense uit ons eie gemeente saamgebring wat God genees het. Ons gaan hulle kans gee om ons bietjie daarvan te vertel.

## 5. BID VIR GENESING:

Ons het nou gehoor hoe God vandag nog mense van ons EIE gemeente gesond maak. Ons gaan julle gou in die groepies kans gee om te gesels oor wie van julle iets rondom genesing het waarvoor julle wil hê die groep vir julle moet bid. Die persoon of persone gaan dan in die middel van die kring sit, en die leier en wie ook al gemaklik daarmee is gaan dan vir die persoon bid, terwyl die res van die groep julle hande na die persoon gaan uitsteek. Kom ons vertrou dat God vanaand groot dinge hier onder ons gaan doen. Die leier kan daarna afsluit vir die aand.